# Oorweeg nagraads

## Verdere studie bevoordeel dié studente

Heleen Cilliers

"Die feit dat ons in 'n Derdewêreldland leef en werk, beteken nie dat ons tevrede moet wees met Derdewêreld-onderrig nie."

Dít is die woorde van prof. Jonathan Jansen, dekaan van die Universiteit van Pretoria se fakulteit opvoedkunde, in 'n brosjure van dié instelling.

Jonathan is verbind daartoe om by sy fakulteite wêreldklas-kwalifikasies aan te bied wat studente in staat stel om internasionaal mee te ding.

Die fakulteit is juis tans besig om nagraadse studente te werf vir verdere studie in opvoedkunde.

Volgens prof. Jansen is daar verskeie redes waarom nagraadse kwalifikasies gewens is vir gekwalifiseerde opvoedkunde- en ander studente.

Eerstens verbeter dit onderwysers se kanse op bevordering binne skoolverband.

In sekere spesialis-onderwysrigtings soos remediërende onderwys, kan onderwysers ook net spesialiseer indien hulle 'n nagraadse kwalifikasie het.

Nog 'n rede vir nagraadse studie geld vir jong mense wat akademies ingestel is. Om as akademici by 'n universiteit te kan werk, moet so 'n student 'n magister- of doktorsgraad hê.

Daar is ook 'n klein persentasie studente wat sukkel om werk te kry ná hul eerste graadkwalifikasie en hulle kan hul kanse verbeter deur verdere studie.

Studente wat reeds 'n baccalaureus-graad het in 'n ander studieveld, maar wat graag die onderwys wil betree, kan eers 'n eenjaar- nagraadse sertifikaat in onderwys (NGSO) of 'n nagraadse sertifikaat in hoër onderwys (NGSHO) verwerf, wat hulle in staat stel tot verdere studie vir 'n honneurs-, magister- of doktorsgraad in opvoedkunde.

Die nagraadse sertifikaat is ideaal vir studente wat reeds 'n graad het in byvoorbeeld landbou (daar is glo 'n groot tekort aan landbou-onderwysers in veral Limpopo), of 'n graad met vakke soos wiskunde, wetenskap of ander skoolvakke.

Volgens Jansen is daar heelwat meer werksgeleenthede vir nagraadse opvoedkundestudente as net in die onderwys. Dit sluit geleenthede in as opvoedkundiges in byvoorbeeld die opvoedkunde- of e-leeromgewings hier en internasionaal.

Die universiteit is ook nie suinig om nagraadse studente finansieel te ondersteun nie, sê Jansen.

Beurse wat beskikbaar is, is prestasiebeurse, bemagtigingsbeurse en navorsingsbeurse van die Nasionale Navorsingstigting (NRF). Die nagraadse werwingsaksie beteken egter nie dat daar nie ook 'n groot behoefte aan voorgraadse opvoedkundestudente is nie, sê Jansen. Met 'n gemiddelde tekort van 18 000 studente landwyd per jaar, staar groot probleme die onderwyssektor in die gesig. Boonop is baie onderwysers nie goed genoeg opgelei nie, en dit is een van die redes waarom skoolhoofde ontmoedig word om studente aan te stel ná drie jaar se studie. Nogtans gebeur dit dikwels.

Nog 'n probleem is die tekort aan mansstudente. Volgens Jansen is slegs 5% van opvoedkundestudente mans, wat beteken dat daar nie rolmodelle is vir skoolseuns nie.

'n Ander probleem is die min belangstelling onder swart opvoedkundestudente om te kwalifiseer vir die grondslagfase, wat beteken dat daar nie genoeg onderwysers is om moedertaalonderrig aan te bied nie.

Wat voorgraadse studente betref, stel Jansen nie belang in studente vir wie onderwys 'n laaste studiekeuse is nie.

"Ons soek mense wat emosioneel volwasse is, professioneel is, hard werk en 'n liefde het vir wat hulle doen," sê hy.

Vir navrae oor voorgraadse studie, kontak die fakulteit by ☎ 012 420 5660/2.

Vir navrae oor nagraadse studie, kontak me. Jeannie Beukes by ☎ 012 420 3080.



**Prof. Jonathan Jansen, dekaan van die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria.**